

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aanstek van die kerse

## Woorddiens

### Tema: “Verwerping”

#### Skriflesing: Lukas 4:21-30 (1983)

<sup>21</sup> Toe begin Hy hulle toespraak: “Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul.”

<sup>22</sup> Almal het hulle instemming met Hom betuig en was verwonderd oor die aangename woorde uit sy mond. En hulle sê: “Is hy dan nie die seun van Josef nie?”

<sup>23</sup> Toe sê Jesus vir hulle: “Julle sal seker die spreekwoord aan My wil voorhou: ‘Geneesheer, genees jouself’ en vir My sê: ‘Ons het gehoor wat alles in Kapernaum gebeur het. Doen nou dieselfde dinge ook hier waar jy grootgeword het.’

<sup>24</sup> Maar dit verseker Ek julle,” sê Hy verder, “geen profeet word in die plek waar hy grootgeword het, aanvaar nie.

<sup>25</sup> Ek sê vir julle die waarheid: Daar was baie weduwees in Israel in die tyd van Elia toe die hemel drie jaar en ses maande lank toegesluit was, sodat daar ’n groot hongersnood in die hele land gekom het.

<sup>26</sup> Tog is Elia nie na een van hulle toe gestuur nie, maar wel na ’n weduwee in Sarfat in die gebied van Sidon.

<sup>27</sup> En daar was baie melaatses in Israel in die tyd van die profeet Elisa. Tog is nie een van hulle genees nie, maar wel Naäman, die Siriër.”

<sup>28</sup> Almal in die sinagoge was woedend toe hulle hierdie dinge hoor.

<sup>29</sup> Hulle het opgespring, Hom uit die dorp uitgejaag en Hom gebring tot op die rand van die berg waarop hulle dorp gebou was, om Hom van die krans af te gooi.

<sup>30</sup> Maar Jesus het tussen hulle deur geloop en weggegaan.

### Broodjies vir die pad

We all learn lessons in life. Some stick, some don't. I have always learned more from rejection and failure than from acceptance and success. (Henry Rollins)

A saint always knows that there is more than enough for our need but never enough for our greed. (R Rohr)

### Brood vir die pad

#### Die eiland Malta se Meestermetafore

Chris Jones

##### Niefiksie

##### Geagte Jahwe

##### Willie Esterhuysen

Elf briewe. Deur ’n Karoosun. Uit Malta. Daardie tingerige eilandjie met sy gróót geskiedenis – wat grootliks die kake van die tyd, natuur en mense ontglip het.

Jahwe sou destyds tien gebooue vir Moses op die berg bring. Riglyne vir ’n godsdienstige en morele leefwyse. Willie Esterhuysen gaan een treetjie verder. Sy elf briewe (een daarvan uit Stellenbosch) vertolk die morele vrae wat die Bybelteks vir hom oopgesluit het. Hierdie teks, erken hy, gryp hom aan. Beroer hom.

Vanaf Malta, wat op plekke in detail getuig van ’n belangrike oerbekawing, skryf Willie meesterlik. Hierdie eiland staan in die teken van “gefossileerde tyd”. In opsigte is dit die “kraamsaal” van godsdienste. Hier dissekter die skrywer akute en aktuele kwessies van ons tyd.

Hy trek sy lesers in in sy persoonlike reis met Jahwe – deur grafkelders, grotte en tempelbesoeke heen – in ’n poging om die tergende waaroms en worstelings, die vrae wat die Maltas van die lewe aan elkeen van ons rig, te verteer.

Hierdie Maltas is ook dikwels verstrengel, op ’n manier dikwels kousaal aan mekaar verbind deur ’n innig-ontblotende eerbied en verwondering. ’n Uitroep na Jahwe, die Bron, maar ook Kompas van ons inspirasie!

Wat sy boek so uitdagend maak, is dat niemand sy/haar soeke na die Maltas van die lewe, kan ignoreer nie. Want sien, Malta, met sy eiesoortige spore en skerwe van vrae en vertwyfelings oor lewensin, kom vir elkeen van ons.

Esterhuysen het lank gewag voor hy dié briewe begin skryf het. Uiteindelik het die proses van kreatiewe verbeelding hom gehelp om met ’n soort vulkaniese krag deur die harde kors van gekykte geloofsdees – soos hy dit sien – te breek.

Hierdie boek wil op eerlike wyse – óók met stukkies humor, selfs moedswilligheid hier en daar – verskillende vensters op Jahwe, die Meer-as-die-Materiële, oopmaak.

Dit bevat wesenlik twee belangrike fasette: 1. ’n sterk historiese oorsig en 2. wat hierdie besoeke aan Malta aan hom as mens gedoen het. ’n Mens sou ook kon sê: Hierdie boek is ’n verbeeldingsvlug vanaf Laingsburg (waar hy grootgeword het) tot Malta.

Hierdie kombinasie van die historiese en persoonlike is nie altyd ’n maklike genre nie. Dis nogal moeilik om alle aspekte hiervan genuanseerd te integreer.

Die skrywer doen dit egter op só ’n manier dat hy vir sy lesers ’n nuwe kyk op Jahwe wil gee. Hiermee waag hy ’n wêreld wat menslik en leefbaar vir almal wil/kan wees. Sy inspirasie vir hierdie genre het hy gekry in Mark Twain se boek: *Letters from the Earth*.

Dit word telkens in sy briewe duidelik watter belangrike rol godsdienste binne die geskiedenis van oorlog en vrede gespeel het. Van hier waarskynlik sy besondere belangstelling in die verskynsel van geweld, asook vredesbou-inisiatiewe.

Volgens hom het die Godsbegrip en godsdienste oor duisende jaar geëvolueer. Die vroeëre godsdienste in Malta het na alle waarskynlikheid nie veel nagedink oor die lewe ná die dood nie. Die klem het dus nie soseer geval op die hiernamaals nie, maar eerder op die *hier-maals*, waarmee hy verkies om te werk. Die hiernamaals het later na vore gekom.

Hy glo nie meer in die teologie van sy Laingsburg-dae en latere opleiding aan die teologiese fakulteit (Stellenbosch) oor 'n persoonlike God wat alles geskep het en oor alles beskik nie. Hy het weggestap van 'n geïkoneerde Godsbegrip. Jahwe is vir hom die "onrustigheid" in sy bewussyn, wat hom uitnooi en aandryf om nuwe betekenis aan sy wêreld te gee.

Vir hom is dit moeilik, eintlik lastig om Jahwe as 'n persoon te definieer. Jahwe kan volgens hom nie "uitgespreek" word nie. Het nie 'n figuur of vorm nie. Is onnoembaar. Onsigbaar. Tog dui Jahwe 'n "teenwoordigheid" aan by mense en die wêreld.

En dít word bemiddel deur die "heilige tekste" – wat die mens tot hoop en moraliteit wil inspireer. Wat jou wil help om oor jou toekoms te kan praat. Dit wil ons help om te glo dat die mens en wêreld anders kán wees. Dat jy kán hoop op vrede, omgee en geregtigheid. Wanneer mense hom vra wat hy glo, beklemtoon hy dat hy eintlik 'n ander fokus het, naamlik hoop!

En hiervan is Jahwe en sy Seun vir hom Meestermetafore. Rigtinggewend. Inspirerend. Uitdagend. Die etiese appèl wat Jesus se boodskap op mense deur eeue heen gehad het, help Esterhuuse om die aard van sy eie menswees beter te verstaan. Hierdie Seun se boodskap was en is steeds histories. Dit skep nuwe werklikhede.

Eintlik bely hy dat hy verwonderd staan oor dinge wat hy in die heilige geskrifte oor Jahwe, die Gans Andere, lees. En hierdie verwondering is nie deur die wetenskap of filosofie verwater nie. Om die waarheid te sê, dit is deur sy betrokkenheid by etiek versterk.

Heelparty mense sal met hierdie persoonlike reis van die skrywer kan identifiseer. Veral die tussenin-mense: tussens godsdiens en geloof, hoop en wanhoop, sekerheid en twyfel, dogma en leefwyse, kerk en binnekamer. Ander sal net met dele daarvan gemaklik wees. Maar belangrik: Jahwe en sy teks gryp die skrywer sodanig aan dat hy 'n dienaar van die boodskap van hierdie teks geword het.

Esterhuuse gaan 'n klomp lesers vir 'n rukkie laat vertoef op Malta. Hierdie belangrike eiland of knooppunt in sy lewe wat hom gehelp het om nie net die verlede beter te verstaan nie, maar ook méér van Jahwe, as Meestermetafoer. Maar dis veel méér as net 'n reis deur antieke landmerke.

Chris Jones is 'n teoloog van Stellenbosch.

<http://www.netwerk24.com/Vermaak/Boeke/die-eiland-malta-se-meestermetafore-20160115>



*Iets oor medemenslikheid...*

## Potensiaal daar; los asprisse wanhoop

*Dis mos onsinnig om aan te voer dat as ek my taal versaak, ek só bydra om iets anders op te bou, skryf Breyten Breytenbach.*

### Mnr. Breytenbach,

Jy sien dat ek die moeite doen om in jou taal met jou te kommunikeer. Ken jy myne? Jy het my vervreem tot dié mate dat ek nie my vermoë om te kan omgaan met my menswees, in die wêreld wil uitleef in my taal of dit ontwikkel tot 'n werktuig van skepping en verandering nie.

Ek wil 'n wêreldburger wees met alles wat die bobbejaanspieëltjekultuur (soos jy dit noem) my bied, die geskiedenis skuld my, ek noem dit dekolonisering. Ek wil alles hê wat jy het, want dis mag, gemak, agentskap.

Hier is nie plek vir ons albei nie. Jy het nie gely soos ek nie, jy weet nie hoe dit is nie. Moenie vir my sê jy het empatie met my ongemaklikheid nie.

Jy wil my paai met jou gesigkopery. Genoeg femelary! (Ek weet ook nie wat dit beteken nie; prof. Kopdoek sal verduidelik.) Jou siening dat die uitbou van die plaaslike die voorvereiste is vir die verwesenliking van 'n nasionale bate is desperate laagertrekkery.

Jy verteenwoordig 'n bedreiging vir my. Ek sal jou onregverdige strukture tot niet moet maak. En moenie jou vel probeer red deur te kom vertel my eie leiers mislei my, dat hulle net na hulself omsien, dat ek armer en meer reddeloos is as toe jou mense nog oor my geheers het nie. Dis nie vir jou om te sê nie!

Jou aartseenskap is skuld. Ek gee nie 'n dêm daarvoor om nie, maar sal dit teen jou gebruik.

Géé! En gee pad!

Viva!

### Sipho

#### Beste Sipho,

Ek wil jou nie karikaturiseer nie. Maar stem saam ons is nie 'n nasie nie. Op sy beste 'n saambestaan-in-wording. Ons deel mekaar, al is dit ook slegs soos die mes deel van die wond is.

My mense is volwaardige landsburgers net soos joune, met dieselfde regte en bekverpligtinge. Dis onsinnig om te argumenteer dat indien ek my taal versaak om soortgelyk vervreem te raak van my kompleksiteit, en my inheemse bastermond sou snoer ek daarom mag bydra om iets anders op te bou; moedswillig misleidend om voor te gee die fasilitering van ons uitvee – al is "identiteit" 'n meulsteen om my nek – sal die pad oopmaak, vir jou en my, na 'n nuwe reënboog.

Moet ons nie liever vra waartoe 'n universiteit dien nie?

Hierdie een sou 'n laboratorium kon wees waar die besef van ons onderlinge afhanklikheid en 'n haalbare ontwikkeling deur beter instellings kon gedy. Daarby, dat die aangepaste opleidingskedges van gehalte 'n lewenskragtige kennis- en skeppingsbron sou kon bied tot die voordeel van Afrika.

Dit behels 'n uitreik verby parogiale grense van selfbedrog en selfverryking, verby koloniale waardesisteme van aansien en skyn na die hinterland van ons Afrikaner-Afrikaanwees.

Nie die wêreldranglys nie, maar saamwerk aan die vrymaak van 'n kontinent se potensiaal, na die onverskrokke daarstelling van burgerlike verantwoordelikhede en déélname.

Daardie medemenslikheid bestaan nog! Boere ry nog water aan!

Ons toekoms hoof nie die uitspeel van onversoenlikhede te wees nie. Ons moet ons asprisse wanhoop los.

Of is ons daar om die Nammawan Giggelaar te vermaak?

Vorentoe!

### Blackface Buiteblaf

**\*Breyten Breytenbach is 'n skilder en digter.**

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/potensiaal-daar-los-asprisse-wanhoop-20160123>

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877